



Personeel by silokomplekse lewer onmeetbare bydrae

Die graanbedryf se totale waardeketting maak staat op bevoegde personeel in die opbergingsektor by silokomplekse. Hulle is noodsaaklik vir die goeie en doeltreffende funksionering van die mark, en moet daarom gekoester word.

Liewers in die georganiseerde landbou lewer 'n groot bydrae om te verseker dat landboubeleid en regulasies nie tot onnodige koste en administratiewe laste lei nie, en ek glo dit word waardeur. Dit kan nie geringeskat word nie, maar in die proses om sin te probeer maak van nuwe beleidsvoorstelle en regulasies, en hoe om te verseker dat dit wettig, billik en regverdig is, het ek opnuut die waarde besef van die mense wat in die eerste linie hul werk getrou en knap doen.

Hulle word so maklik as vanselfsprekend aanvaar. Hierdie mense gaan elke dag huis toe en word waardeur vir hul broodwinnersrol. Hul kinders sien op na hulle, maar besef dalk nie watter belangrike rol hulle speel nie.

Ek dink spesifiek aan die graansilobestuurders, gradeerders en die personeel by silokomplekse, en die soms onsigbare rol wat hulle speel. Die funksies wat hierdie personeel verrig, lewer 'n regstreekse bydrae tot die mate waartoe die pryse van termynkontrakte op die JSE en in die kontantmark op dieselfde prysvlakke saamloop sodra die termynkontrak verstryk.

Opbergers speel 'n belangrike rol in die uitreiking van sowel JSE- as gewone silosertifikate en verseker só dat die nodige voorraad beskikbaar is wanneer verhandeling plaasvind. Opbergers en hul personeel speel dus 'n belangrike rol in die prysbepalingsproses van graan en oliesade, en dus die funksionaliteit van 'n doeltreffende mark.

Goed opgeleide graandepotbestuurders, gradeerders en

personeel by silokomplekse is noodsaaklik in die gradering en bestuur van voorraad en lewer só 'n regstreekse bydrae tot die geloofwaardigheid van die graan- en oliesademarkte.

Graandepotbestuurders en hul graderingspersoneel verseker dat graan en oliesade sedert deregulering korrek gegradeer word volgens die afgekondigde graderingsregulasies wat die uiteindelijke geldwaarde bepaal, en wat deur die uitstekende bestuur van die graansilokomplekse die doeltreffende vloei van graan tussen kopers en verkopers verseker.

Die personeel se rol is ook belangrik vir finansiers en verskeraars van graan en oliesade. Finansiers is betrokke by kommoditeitsfinansiering. Om voorraad in silo's te verseker, moet voorraad deeglik en korrek gegradeer en opgeberg word volgens internasionaal erkende bedryfsstandaarde.

Dit is nie moontlik om voorraad te finansier of te verseker indien dit nie reg gegradeer word nie. Die huidige graderingspraktyke moet dus nie net aan die standaard voldoen wat opbergers stel nie, maar ook aan die standaard vir uitvoer wat produsente, finansiers, versekeringsmaatskappye, handelaars, meulenaars, veevoervervaardigers, die JSE as prysbepalingsplatform en die verbruiker vereis.

Akkurate gradering en doeltreffende voorraadbestuur is noodsaaklik omdat dit die waarde van graan en oliesade bepaal. Gevolglik is daar reg deur die seisoen verskeie auditprosesse van verskillende organisasies. Versekeringsmaatskappye en finansiers wat by kommoditeitsfinansiering betrokke is, doen

ook oudits om te verseker dat die produk in opberging korrek gegradeer is.

Personeel by silokomplekse verseker dat die selfregulering van graan 'n sukses is en doeltreffend deur die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990) gerig word sonder bykomende koste en werk vir die produsent en die lae-inkomsteverbruiker wat van stapelvoedsel afhanklik is.

Dié belangrike bydrae, gemeet aan die totale bevolking wat uit hierdie dienste voordeel trek, word deur 'n klein groepie mense met integriteit en unieke kundigheid gelewer. Reg oor Suid-Afrika berg meer as 300 silokomplekse graan en oliesade op. Na raming is sowat 1,7 miljoen graderings in 2020-'21 gedoen. Hierdie syfer is gegrond op 1,15 miljoen graderings wat gedoen is op lewering ontvang van produsente en 550 000 graderings op grane wat van silo's na kopers verskep is.

KRAG VAN OPLEIDING

Die opbergingsektor het sowat 1 200 personeellede in diens en lei jaarliks sowat 120 personeellede in die bestuur van graandepots op. Dit geskied teen geen bykomende koste vir die res van die waardeketting nie.

Agbiz Grain het 'n bestuurskursus vir graandepots deur AgriSeta laat ontwikkel en gee hierdeur erkenning aan die ondervinding en kennis van hierdie personeel. Die kursus is nie net ontwikkel om te verseker dat die gehalte van gradering op 'n hoë standaard is nie, maar dit ondersteun ook die personeel se loopbaanontwikkeling.

Opleiding is 'n belangrike

sleutel vir die ekonomiese groei waaraan die personeel van silokomplekse deel het. Hierdie inisiatief, wat deur die opbergingsektor van stapel gestuur is, is tot voordeel van hul personeel en die ekonomie in sy geheel.

Hierdie personeel, wat daaglik die graderingsfunksies nougeset uitvoer, doen dit as 'n integrale deel van elke opberger se verantwoordelikheid om die deursigtigheid van die graanmark te onderhou.

Goed opgeleide personeel trek graanmonsters korrek, gradeer die graan by ontvangs en versend dit later na kopers. Hierdie personeel identifiseer ook probleme vroegtydig en hanteer dispute doeltreffend. Hulle doen daaglikse risikogebaseerde ontledings en verstaan die werking van gradeertoerusting en die belangrikheid van nuwe tegnologie.

Die graderings- en graanbestuursfunksies van hierdie personeel het 'n regstreekse impak op die totale waardeketting – van die produsent tot by die verwerker – en dus is gradering 'n gestandaardiseerde praktyk. Opbergers se graderingspersoneel pas die graderingsregulasies in die Wet op Landbouprodukstandaarde nougeset toe. Danksy die personeel se toewyding vind selfregulering binne die wet se riglyne en sedert deregulering sonder die aangaan van onnodige inspeksiekoste plaas.

Die nuwe bemarkingsjaar vir mielies begin eersdaags en ons wens ons land se silokomplekse personeel met dank sterkte toe vir die jaar wat kom. **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.